# VGK MALMESBURY GESINSDIENS, 22 MAART 2020

***RAAK BEWUS VAN GOD SE TEENWOORDIGHEID***

- Voordat julle begin met julle huisgodsdiens, maak asseblief seker dat alles wat moontlik julle aandag kan aftrek ( soos selfone en televisies) afgesit of weggesit is.
- Wanneer almal langs die tafel of by die plek is waar julle huisgodsdiens gaan beoefen, word stil, rustig en haal diep asem. Raak bewus van die feit dat julle in God se teenwoordigheid is. Elkeen kan hier ‘n gebed in stilte doen en hul oopstel vir die Heilige Gees.

***RAAK BEWUS VAN WAT JULLE VOEL EN DINK***

- Praat ‘n bietjie as gesin oor watter emosies julle hierdie afgelope week beleef het. Wat was en is jou grootste vrees? Nadat elkeen geleentheid gekry het, kan julle in gebed vir God sê presies hoe julle voel.

***ONS AANBID***

- Sing of speel nou een van julle gunstelling liedjies. Bid daarna saam die Onse Vader.

***ONS LEES DIE WOORD***

- Twee persone kan nou voortgaan (indien moontlik, ‘n man-stem en ‘n vroue-stem) om Jesaja 58:1-7 hardop te lees.
- Elkeen kan nou vir ‘n derde keer die teks op sy eie lees. Omkring, onderstreep of skryf enige iets neer wat by jou opkom of uitstaan uit die teksgedeelte. Deel dit dan met mekaar in die groep of twee-twee.

**OORDENKING**

Hy was ‘n student wat sy eerste toets moes gaan skryf. Op pad na die universiteit maak hy van elke rooi verkeerslig gebruik om sy werk te hersien. By een van die talle rooi verkeersligte waar hy die geleentheid gebruik het om vinnig na sy boeke te kyk, vergeet hy vir ‘n oomblik dat hy op die pad is en dat hy self sy motor bestuur. Intussen het die verkeerslig groen geword maar hy sien dit nie want sy oë is vasgenael op sy boeke en notas. Die verkeerslig word verander na oranje, en toe weer na rooi...

Agter hom het ‘n hoogs ontstelde vrou in haar 4x4 bakkie gesit. Sy begin gooi ligte vir hom, sy lê behoorlik met haar hand op die toeter (“hooter”), sy draai die bakkie se vensters af en skree growwe woorde. Moet nie eens praat van die handgebare wat sy gewys het nie. Dit is toe dat ‘n polisieman aan haar venster kom klop, haar beveel om uit die bakkie te klim en haar in die middel van die pad in hegtenis neem.

So eindig sy op by die polisiestasie. Daar word sy deursoek, haar vingerafdrukke word afgeneem, ‘n foto van haar word geneem en sy word uiteindelik in ‘n sel gesit. Na ‘n paar ure gaan die polisieman wat haar in hegtenis geneem het tot by die sel waar sy aangehou is, sluit die hek oop en laat haar vry.

Sy vra hom toe waarom hy haar gearresteer het, hy antwoord haar en sê: *“Ek is baie jammer, ek het ‘n fout begaan. Jy sien, ek het agter jou gestaan en gesien hoe boos jy geword het vir die persoon in die kar wat voor jou gestaan het. Ek het gehoor watter lelike taal jy gebruik, jou lelike handgebare gesien en jou hooter het my amper doof gemaak. Ek kon jou optrede nie verstaan nie want agter teen jou kar is daar stickers waarop staan “What would Jesus do” en “I am a Christian.” Toe jou optrede in die kar en die stickers teen jou kar nie met mekaar ooreenstem nie het ek gedog dat jy die kar gesteel het. Jammer...”*

Teen ons as volgelinge van Jesus is daar ook onsigbare *stickers* geplak. Ons verkondig ook aan die wêreld watter *stickers* teen ons geplak is. Ons grootste *sticker* is die Bybel en vandag is Jesaja 58:1-7 daarop geskryf.

In ons skrifgedeelte is die Here diep ongelukkig oor die dade van sy kinders. Dit is asof die Here wil sê dat die *stickers* teen hulle kar én hulle optrede in die kar nie met mekaar ooreenstem nie. Die Here beskuldig hulle daarvan dat hulle hom aanbid en soek, maar terselfertyd versaak hulle hulle medemens.

Die Here pleit dat sy kinders medemenslik moet wees, dat hulle vryheid moet skenk aan die wat geen vryheid het nie, voedsel vir die wat honger is, huisvesting vir die wat nie 'n dak oor hul kop het nie en klere vir die wat niks besit nie. Jesus het gesê dat ons ons naaste moet liefhê.

As volgelinge van Jesus glo ons die Bybel wat dit van ons vra. God nooi ons uit om in hierdie tyd seker te maak dat die *stickers* teen ons kar in lyn is met ons optrede in die kar. God nooi ons uit om in hierdie tyd te soek na maniere om ons liefde vir Hom uit te druk in dade van liefde en sorg teenoor ons naaste.

Hoe gaan julle as gesin dit in hierdie tyd doen? Onthou, daar waar liefde is daar is God die Heer...

***ONS DOEN DIE WOORD***

As gesin kan julle nou, in die lig van Jesaja 58:1-7, die volgende vrae bespreek en een van julle kan daarna die Koronavirus-gebed doen:

- Die koronavirus versprei wanneer persone wat die virus het in kontak kom met ander mense. Dink julle dat dit in hierdie omstandighede naasteliefde is om in kontak met ander mense te kom en in die proses die gevaar loop om daardeur die virus te versprei?
- Ons het hierdie week gesien hoedat mense kos en ander goed benodighede in groot maat aankoop. Hulle is bang dat hulle nie weer die geleentheid sal kry om aankope te doen as hulle koskaste leeg geraak het nie. Die rakke van baie winkels is leeg gekoop. Hoe dink julle raak dit die armes wat nie geld het om kos te koop nie en wanneer hulle wel die dag het om kos te koop, dan kom hulle by winkels wat leë rakke het. Hoe het ons ons naaste lief as ons die winkels leeg koop en niks vir ons naaste, veral die armes, oorhou nie?
- Sommige van ons het mense wat vir ons werk in ons huise en in ons tuine. Hierdie mense is afhanklik van die geld wat ons hulle betaal, anders sou hulle heel moontlik nie vir ons gewerk het nie. Die virus kan later veroorsaak dat hulle nie meer werk toe kan kom nie omdat die moontlikheid groot is dat hulle die virus kan versprei of daarmee beset word. So kan hulle hulle inkomste verloor, sonder kos sit en verder verarm. Is dit dalk naasteliefde om hulle steeds te betaal, al is dit nie die volle bedrag nie?
- Kan julle aan 'n gesin dink vir wie julle in die komende week kan bid?

***GEMEENSKAPLIKE GEBED VIR DIE KORONAVIRUS***

***"In die Naam van God die Vader, die Seun en die Heilige Gees vra ons dat u ons sal beskerm teen die verspreiding van die koronavirus. Ons bely dat U steeds God is oor alles en almal. Ons bid vir hulle wat besmet is met die virus en vir stukkende families wat geliefdes daaraan verloor het. Ons harte gaan uit na hulle wat in isolasie moet leef en in kwarantyn geplaas is. Gee wysheid en krag vir almal in die mediese beroep. Skenk aan ons U troos. Here, hoor ons gebed, Amen."***

***AFSLUITING***

Enige een van julle kan nou hierdie seën oor julle huisgesin uitspreek:

**"Die Here sal goed vir ons wees en vir ons sorg. Die Here sal ons raaksien en vir ons sy liefde gee. Die Here sal ons goedgesind wees en vir ons voorspoed gee. AMEN"**